Bybelse inspirasie vir ons getroue vrywilliger, vennoot en vriend
Maart 2012

# ...MEER VAN U, JESUS ♥.....

Hierdie maand se inspirasie het begin met 'n foto van Lady, 'n leeuwyfie met 'n deurdringende maar liefdevolle kyk soos op die foto. Dit het my aangegryp en laat wonder wat sy nou eintlik dink, wat bedoel sy met hierdie spesiale kyk! Ek het ook gevoel dat sy op soek is na meer..die storie agter hierdie man wie die foto neem, dalk? My gedagtes het terugbeweeg na hoe ons ook baie keer soekend is na meer, veral op geestelike vlak….en toe luister ek na die woorde van "Pocket full of Rocks" se lied, "More of You Jesus" en my Bybelse inspirasie neem vorm aan! Lees rustig deur die woorde van hierdie lied deur Michael Farren :



I've touched the hem of Your garments
And I have felt the leading of Your hand
**But today, my eyes look much higher to see the face of the great 'I am'**
I've touched the hem of Your garments
And I have felt the leading of Your hand
But today, my eyes look much higher to see the face of the great 'I am'

**So more of You Jesus, more of Your face, more of Your glory in this place**
**More of You Jesus, more of Your face, more of Your glory in this place**

(Chorus)
I'm longing for more, and more, and more
More of You Jesus, more of Your face,
more of Your glory in this place

**WAT BETEKEN HIERDIE LIED SE WOORDE VIR JOU ?** Ek dink dit beskryf so mooi hoe ons soms vasgryp aan die soom van die Here se kleed (somtyds desperaat soos die vrou wie aan bloedvloeiing gelei het), maar na niks hoër of meer reik nie! Dis asof ons met die krummels tevrede is hoewel daar soveel meer is wat Hy ons wil bied, 'n hele feesmaal. Ons moet dieper en verder soek en kyk en werklik Sy aangesig soek. Lees 1Kronieke 16:11:

**MEER VAN U, JESUS ! MAAR HOE KRY EK DIT ?**

As mens bietjie gaan delf in die Skrif lyk dit of die bekende **2 Kronieke 7:14** die antwoord het :
**Amplified Bible (AMP) "If My people, who are called by My name, shall humble themselves, pray, seek, crave, and require of necessity My face and turn from their wicked ways, then will I hear from heaven, forgive their sin, and heal their land."**
Die Engels "Seeking the face of God" beskryf dit so mooi en hieruit kan ons sien dit beteken dat ons 1) aktief na God sal soek in alle aspekte van ons lewens. 2) dat ons in nederige afhanklikheid van God sal buig, 3) sal bid tot Hom en 4)weg draai van ons sondes, in ons soeke na Sy teenwoordigheid ("in pursuit of God's face"). God belowe Sy vergifnis en genesing sal ook plaasvind. Eers dan sal ons die onbelemmerde kyk van Lady hierbo hê en sal ons die Here beter kan "sien" en meer ervaar van Jesus. Geniet dan Sy heerlikheid en glorie wat soos helder lig deur jou sal skyn vir almal om te sien en tot voordeel van die mense om jou!

**1Chronicles 16:11 Amplified Bible (AMP) "Seek the Lord and His strength; yearn for and seek His face and to be in His presence continually!"**
Hierdie spreek van smag na meer van Jesus en nie net as die krisis toeslaan nie, maar op deurlopende basis. 'n Lewende verhouding met ons Koning.
Wat staan in jou en my pad om dit te ervaar? Tyd? Verkeerde prioriteite? Sonde? Elkeen moet stil raak en by God hoor wat dit is. Hy wil ons graag ontmoet!

Die Paasvakansie is voor die deur en dit gee die geleentheid om net weer stil te word en tyd met ons Hemelse Vader te spandeer– of dit nou in die bos, by die see, berge of net rustig in jou tuin of binnekamer is, God is getrou...

**Dankie vir elkeen se insette in die Kaapse bediening: jou gebede, finansies, ondersteuning, omgee, word waardeer!**
**Dankie ook aan ons gesinne! Hou ons asb in jul gebede vir wysheid elke dag. Celeste Steinmann 082 322 5299**